# AFDELING C.

## Hoofstuk 7.

## Voorgestelde Leerplan vir Skoolplase.

### 1. Gevolgtrekkings:

Die leerplan is onafskeidbaar verbind met die onderwysstelsel. Daarom moet ons dan ook altyd die leerplan beskou in die lig van die onderwysstelsel wat in swang is. In Suid-Afrika het ons nog nie so ver ontwikkel dat ons van 'n eie nasionale onderwysstelsel kan praat nie. Invloede van buite af het nog altyd hierin 'n baie groot rol gespeel. In die verlede het dit dan ook dikwels gebeur dat die een stelsel as verouderd beskou en deur 'n ander vervang is, of moes plek maak vir 'n stelsel wat beter sou pas by die beleid van die onderwysoutoriteite. Sulke stelsels was dikwels vreemd aan die volksaard en -tradisies en het tot verwarring gelei. Die veranderinge het dan weer hulle stempel op die leerplan afgedruk. Die skoolplase kan beskou word as 'n reaksie teen wat vreemd was in die onderwysstelsel, in soverre, dat 'n opvoedingsomgewing en leerplan gesoek is, wat sou pas by die plattelandse kind. Die stigters het gehoop dat dit sou ontwikkel tot 'n nasionale onderwysstelsel vir die hele Suid-Afrika. Aan hierdie verwagtings kon die skoolplase egter nie voldoen nie.

Du Toit[1)] sien as een van die belangrikste redes waarom ons nog nie van 'n nasionale onderwystelsel kan praat nie, die verdeling van beheer oor die middelbare onderwys. Die feit dat daar Uniale en Provinsiale beheer van owerheidsweë ingestel is en dat aan private inisiatief heelwat speling gelaat word, bemoeilik die weg na

---

1. du Toit : 'n Histories-kritiese studie van die Transvaalse leerplanne vir Middelbare Onderwys, 337.

'n doeltreffende sisteem met 'n eie selfstandige karakter. Dit is nie 'n onbekende verskynsel dat daar in 'n enkele plattelandse dorp, om van die stede nie eers te praat nie, meer as een inrigting vir middelbare onderwys bestaan, wat onder afsonderlike beheer, op dieselfde doel afstuur nie. So, byvoorbeeld, vind ons 'n hoërskool onder provinsiale bestuur, 'n hoër tegniese skool onder Uniale bestuur op een dorp, met 'n skoolplaas 'n paar myl uit die dorp geleë ook onder provinsiale bestuur en 'n klooster onder kerklike bestuur. Dit gebeur dan dikwels dat 'n leerling in sy middelbare skoolloopbaan al vier besoek met die doel om 'n skooleindsertifikaat te bekom. Hieruit blyk duidelik hoe verwarrend die toestand van ons onderwys is. 'n Nasionale onderwysstelsel is onmoontlik sonder 'n sentrale beheer Daarom behoort 'n sentrale Onderwysdepartement die plek in te neem van die Provinsiale en Uniale beheer. So 'n sentrale onderwysdepartement sal dan die gees en inhoud van die onderwys en opvoeding bepaal. Sodoende sal dit byvoorbeeld moontlik wees om 'n uniforme leerplan vir die hele Unie saam te stel, 'n leerplan wat voorsiening sal maak vir die rypende jeug in sy geheel. Afsonderlike eenhede soos tegniese skole, ambagskole, handelskole, landbouskole, skoolplase, ens. sal dan hulle selfstandigheid moet verloor en departemente word van die middelbare skool.

Dit spreek egter vanself dat die middelbare skool, om ekonomiese redes en as gevolg van personeel tekort, nie al die kursusse sal kan aanbied nie. Daarom moet getrag word om die skole in te deel in groepe sodat leerlinge in elke skool volgens hulle aanleg en belangstelling na verskillende afdelings van die skool kan gaan. Hier sal die skoolplaas dan pragtig inpas, deur

behalwe die akademiese rigting, ook nog landbou, ambags- en nywerheidsvakke, huishoudkunde, handwerk en handel te kan aanbied. In so 'n geval sal die leerplan moet verander om daarby aan te pas. Alle opvoeding en onderwys is egter dinamies van aard en waar lewe en groei is, moet veranderinge verwag word. Dit maak dan die wysiging van die leerplan 'n noodsaaklike en natuurlike verskynsel.

Ons kan dan ook verstaan waarom die probleem van leerplansamestelling so ingewikkeld is. Soos Draper[1] dit sien,moet middelbare onderwys in teenstelling met laer onderwys sig in die eerste plek besighou met indiwiduele aanleg en belangstelling, terwyl probleme met betrekking tot differensiasie van sowel die werk as van die skool self, van die uiterste fundamentele belang is. Die talente, indiwiduele verskille, bekwaamhede, vermoëns, en belangstellings van die kind, word in die eerste jare aan die middelbare skool blootgelê. Hierop moet dan voortgebou word met die oog op voorbereiding vir 'n beroep, want die leerling moet kan aanpas by die lewensomstandighede. Omdat hierdie lewensomstandighede altyd verander in 'n wêreld wat gedurig verander, is dit noodsaaklik dat „the objectives of secondary education be stated in terms of adjustment to a changing world."[2] Die middelbare skool moet hom dus nie so seer op kennis toespits nie, maar moet leerlinge help om hulle by hulle omgewing aan te pas en dit moet met behulp van die leerstof gedoen word.

Coetzee[3] voeg hieraan toe dat aan waaragtige

---

1. Draper : Principles and Techniques of Curriculum Making, 34-35.
2. Ibid., 35.
3. Coetzee : Die Moderne Opvoeding, 39.

Godsvrug en burgerskap vir die hiernamaals, die meeste aandag gegee moet word, want as die opvoeding die waaragtige Godsvrug nie ken of bely nie, kan daar geen egte sedelikheid wees nie. As die samestelling van 'n leerplan hierdie beskouing huldig, beskik hy ten minste oor een beginsel wat nie aan verandering blootgestel is nie. Verder moet die leerplan dan tred hou met die lewe daarbuite soos dit elke dag ondervind word.

Du Toit[1)] kom dan tot die gevolgtrekking dat in die middelbare skool 'n leerplan nodig is wat in hoofsaak op twee beginsels berus, naamlik die beginsel van algemene vorming en die beginsel van beroepsonderwys. Eersgenoemde sluit die religieuse, sedelike en staatsburgerlike vorming van die rypende jeug in. Dit behoort in enige nasionale onderwysstelsel 'n belangrike plek in te neem. Verder moet dit trag om voorbereidend te wees tot 'n beroep, nie afrondend nie.

Dit is daarom dan ook nie moontlik om met voorstelle vir die hervorming van die leerplan vir skoolplase te kom, sonder om op die hervorming van ons onderwysstelsel aan te dring nie. In die eerste plek skyn dit onprakties dat sekere aspekte van die vorming en opvoeding van die jeug aan die Provinsie oorgelaat word, terwyl die Unie Onderwysdepartement weer vir 'n ander deel verantwoordelik is. Hierdie verbrokkelende element moet uit die onderwys geweer word, want dit veroorsaak 'n gebrek aan koördinasie en lei tot oorvleueling van die funksies van die verskillende inrigtings. Ons voel dat as algemene middelbare onderwys by die provinsiale onderwysdepartemente tuis hoort, die besondere beroepsonderwys ook aan die

---

1. du Toit : 'n Histories-kritiese studie van die Transvaalse Leerplanne vir Middelbare Onderwys, 342.

provinsies teruggegee behoort te word. Die ideale toestand sou wees indien die provinsiale onderwys heeltemal deur 'n stelsel van Uniale onderwys, 'n nasionale stelsel dus, vervang kon word. Met ons huidige provinsiale beheer en diepgewortelde provinsiale tradisie, skyn dit nie 'n moontlike oplossing vir die nabye toekoms te wees nie. Om die saak dus in die reine te bring, met die minste verwarring en disorganisasie, behoort beroepsonderwys so gou moontlik na die provinsies oorgeplaas te word. Dit sal elke provinsie dan in staat stel om 'n behoorlik gekoördineerde provinsiale onderwysstelsel in sy fynste besonderhede uit te werk, 'n stelsel wat al die terreine van die opvoeding sal dek en sal lei tot die opvoeding van die hele mens.

2. Voorgestelde nuwe Leerplan vir Skoolplase:

(a) Die Skoolstelsel:

Die skoolplase moet bly voortbestaan waar die getalle dit regverdig en moet so ver moontlik ontwikkel tot volwaardige middelbare skole. In hierdie plattelandse middelbare skole sal ons dan in die eerste plek twee afdelings onderskei, naamlik 'n junior afdeling wat voorbereidend sal wees en Standerds V, VI en VII sal insluit en 'n senior afdeling vir Standerds VIII, IX en X. Die junior afdeling tot en met Standerd VII sal uit die aard van die saak voorbereidend wees, maar dit sal ook die drie jaar wees waarin leerlinge deur middel van strenge observasie en toetse gekeur word vir die rigting waarin hulle die beste aanleg toon, hetsy in die akademiese of die praktiese rigting.

In die tweede plek behoort daar 'n beroepskundige afdeling te wees, wat handelsvakke, tegniese onderwys, landbou en huishoudkunde tot die matrikulasie standaard

sal aanbied.

Na die algemene onderwys tot standerd VII word 'n kind dan oorgeplaas na die afdeling waar hy tuis hoort, hetsy vir 'n akademiese, 'n handels-, tegniese-, landboukundige of huishoudkundige kursus. Dit is vanselfsprekend dat elke skoolplaas nie al die tegniese vakke sal kan aanbied nie, maar slegs die wat in daardie omgewing van die meeste belang is. Skoolplase kan in groepe van twee of drie saamwerk, sodat in gevalle waar 'n leerling 'n moeilike vakkeuse voorlê, skoolplase leerlinge kan uitruil. Sulke gevalle sal egter maar die uitsonderings wees.

Hierdie stelsel vir skpplplase, tewens vir alle middelbare skole, sal 'n toename van getalle meebring, wat vanselfsprekend weer die vakkeuse sal vergemaklik. Die aanstelling van addisionele onderwysers by hierdie skole moet egter nie op 'n vasgestelde kwota leerlinge gebaseer wees nie.

So 'n skoolstelsel sal die volgende voordele hê:

(i) Dit sal meebring dat meer leerlinge aangemoedig sal word om na Standerd VII hulle studies voort te sit. As hulle van skool moet verwissel volg 'n groot aantal gewoonlik die makliker weg, naamlik om die skool te verlaat.

(ii) Die verskaffing van tegniese onderwys op die skoolplase, sal vir die plattelandse leerlinge ook die moontlikhede skep om 'n ambag te leer, 'n voorreg wat op die oomblik byna uitsluitlik deur die stedelike leerlinge geniet word.

(iii) Gespesialiseerde beroepsonderwys sal nie op 'n te vroeë leeftyd aangebied word nie en sal gegee word aan leerlinge wat beskik oor 'n basiese algemene kennis.

(iv) Die toekomstige ambagsman, akademikus en landbouer groei saam op, studeer saam en leer om mekaar se ambisies en beroepe te waardeer. Dit sal help om die ongesonde kloof tussen ambagslui, sakemanne en die geleerde beroepe te oorbrug.

(v) Die moontlikheid van oorvleueling van funksies sal heeltemal uitgeskakel word en kan die verskillende kursusse pragtig korreleer, aangesien basiese vakke soos godsdiensonderrig, liggaamlike opvoeding, die moedertaal, die tweede taal en geskiedenis vir al die kursusse verpligtend sal wees.

(b) <u>Voorgestelde nuwe leerplanne:</u>

A. <u>Leerplan tot Standerd VII (Junior Afdeling):</u>

(i) Verpligte vakke - nie vir eksamendoeleindes nie.

(a) Godsdiensonderrig.

(b) Sang.

(c) Liggaamlike opvoeding.

(ii) Eksamenvakke:

(a) Die Moedertaal.

(b) Die Tweedetaal.

(c) Geskiedenis.

(d) Aardrykskunde (Boekhou in Standerd VII).

(e) Algemene natuurwetenskap.

(f) Rekenkunde (Matesis in Standerd VII).

(g) Hout- en Metaalwerk.

(h) Huisvlyt.

(i) Gesondheidsleer.

(j) Kuns en kunsvlyt.

(k) Beroepsvoorligting.

B. <u>Leerplan vir Seniorsertifikaat - Akademies:</u>

(i) Verpligte vakke - nie vir eksamendoeleindes nie.

(a) Godsdiensonderrig.

(b) Sang.

(c) Liggaamlike opvoeding.

(ii) Verpligte vakke vir die eksamen.

(a) Die Moedertaal.

(b) Die Tweedetaal.

(c) Geskiedenis.

(iii) Opsionele vakke vir eksamen (Enige vier van die volgende:

(a) Matesis.

(b) Latyn of Duits of Naturelle taal.

(c) Biologie of Fisiologie en Gesondheidsleer.

(d) Natuur- en skeikunde.

(e) Aardrykskunde.

(f) Boekhou en Bedryfsleer.

C. <u>Leerplan vir Seniorsertifikaat (Landboukundig)</u>

(i) Verpligte vakke - nie vir eksamendoeleindes nie.

(a) Godsdiensonderrig.

(b) Sang.

(c) Liggaamlike opvoeding.

(ii) Verpligte vakke vir die Eksamen.

(a) Die Moedertaal.

(b) Die Tweedetaal.

(c) Geskiedenis.

(iii) Opsionele vakke vir die Eksamen (Enige vier van die volgende:

(a) Matesis.

(b) Natuur en skeikunde.

(c) Akkerbou.

(d) Praktiese Landbou en landboumetodes.

(e) Veeteelt en pluimveeteelt.

(f) Plaaswerktuigkunde.

(g) Landbou-ekonomie.

(h) Plaasboekhou en -bestuur.

D. <u>Leerplan vir Seniorsertifikaat (Handelsrigting):</u>

(i) Verpligte vakke (nie vir eksamendoeleindes nie)

(a) Godsdiensonderrig.

(b) Sang.

(c) Liggaamlike opvoeding.

(ii) Verpligte vakke vir die eksamen.

(a) Die Moedertaal.

(b) Die Tweedetaal.

(c) Geskiedenis.

(iii) Opsionele vakke vir die eksamen - enige vier van die volgende:

(a) Boekhou.

(b) Handelsrekenkunde.

(c) Handel en ekonomie.

(d) Tikskrif en Snelskrif.

(e) Shorthand.

(f) Wiskunde.

(g) Naturelle taal.

E. <u>Leerplan vir Seniorsertifikaat (Huishoudkundig).</u>

(i) Verpligte vakke - nie vir eksamendoeleindes nie.

(a) Godsdiensonderrig.

(b) Sang

(c) Liggaamlike opvoeding.

(ii) Verpligte vakke vir die Eksamen.

(a) Die Moedertaal.

(b) Die Tweedetaal.

(c) Geskiedenis.

(iii) Opsionele vakke vir die eksamen - enige vier van die volgende:

(a) Kookkuns.

(b) Damesklerемakery.

(c) Wasserywerk.

(d) Huishoukuns.

(e) Kinderversorging en tuisverpleging.

(f) Fisiologie en Gesondheidsleer.

F. Leerplan vir Serniorsertifikaat (Tegnies).

(i) Verpligte vakke - nie vir eksamendoeleindes nie.

(a) Godsdiensonderrig.

(b) Sang.

(c) Liggaamlike opvoeding.

(ii) Verpligte vakke vir die eksamen:

(a) Die Moedertaal.

(b) Die Tweedetaal.

(c) Geskiedenis.

(iii) Opsionele vakke vir die eksamen - enige vier van die volgende:

(a) Matesis.

(b) Natuur- en skeikunde.

(c) Meganika.

(d) Elektrotegniese konstruksie en -tekene.

(e) Boukonstruksie en-tekene.

(f) Grondbewaring.

(g) Landmeetkunde.

(h) Elektrotegniek.

(i) Radiokommunikasie.

(j) Telegrafie.

(k) Messelwerk.

(l) Timmer- en skrynwerk en meubelmakery.

(m) Motorkarkonstruksie en -herstelwerk

(n) Grofsmedery en wamakery.

(o) Loodgietery en sweiswerk.

(p) Bank- afdraai- en masjienwerk.

(q) Kleremakery.